

Woensdag 6 Maart

Skrifgedeelte: Josua 5:2-12

Fokusgedeelte: Josua 5:9

'n Teken van God se getrouheid en genade

In Josua 5 lees ons van 'n probleem wat ontstaan het oor die besnydenis van die kinders van Israel. Die manne was besig om gereed te maak om teen die Kanaäniete te veg, en hulle was nie besny gewees nie.

Die geslag van Israeliete wat uit Egipte getrek het, was almal besny gewees, maar nie die nuwe geslag Israeliete wat in die volk se omswerwing in die woestyn gebore is nie. Besnydenis was 'n teken van God se getrouheid aan sy beloftes oor geslagte heen, en hierdie verbondsteken het die jongmanne nie meer saam met hulle gedra nie. Hulle het ook nie meer God se genade en seën in gehoorsaamheid en vertrouwe uitgelewe nie.

Josua spreek die saak aan deur al die manne, ongeag hulle ouderdom, te besny. Elkeen van die manne van Israel sou weer die teken met hulle saamdra wat hulle van die ander volkere onderskei het en wat hulle die eienaars van God se belofte van verlossing en die Beloofde Land maak. Josua was die instrument in die hande van die Here om God se verbondsteken in die lewe van die manne van Israel in te sny sodat hulle sy opdragte gehoorsaam.

Die doop het in die plek van die besnydenis gekom. Die beloftes van die Here het dieselfde gebly. Die teken van die doop bevestig ons as gelowiges se verlossing in Jesus Christus. Volgens Paulus is gelowiges deel van God se begenadigde kinders, en "deur julle verbondenheid met Hom is julle ook besny, nie met die besnydenis wat deur mense verrig word nie, maar met die besnydenis deur Christus, en dit bestaan in die wegneem van die sondige natuur van die mens" (Kol. 2:11). Met die krag van die Heilige Gees kan ons nou in gehoorsaamheid en vertrouwe leef!

Sing: Psalm 105-1:5, 6

Dr. J Lion-Cachet (Jan) (Klerksdorp)